# Informa

100+ UV·UFS

IN DEO SAPIENTIAE LUX

September 2004 - 5 Amptelike nuusblad van die personeel van die UV/Official newsletter of the staff of the UFS


# Eeufeeskompleks open binnekort

Die afgelope paar maande is met groot gewoel in die middel van Kovsieland hard gewerskaf om die Eeufeeskompleks die nuwe spogplek van die UV te maak. Me. Edma Pelzer, Direkteur: Fisiese Hulpbronne en Spesiale Projekte, sê die Eeufeeskompleks word ingerig hoofsaaklik as kuierplek vir personeel en alumni, net soos die Thakaneng-brug primêr bedoel is as kuierplek vir studente.

Die Eeufeeskompleks word ingerig op die terrein van die ou Reitz-eetsaal. Op 10 Maart 2004 het bestuur die eerste amptelike universiteitsfunksie by die halfvoltooide kompleks gehou met die onthulling van die gedenksteen deur die Rektor, prof. Frederick Fourie. Wat dié geleentheid so merkwaardig maak, is die feit dat oudpresident F.W. Reitz presies 81 jaar vroeër, op 10 Maart 1923, ook 'n hoeksteen daar gelê het, sê me. Pelzer. Die kompleks het oorspronklik bestaan uit die Reitz-eetsaal, wat na oudpresident Reitz vernoem is, 'n huisvaderwoning en administratiewe kantore (wat later benut is as matronewoonstelle en huisvesting vir internasionale studente). In geskiedkundige dokumente oor oudpresident Reitz word genoem dat hy hom reeds as hoofregter beywer het vir die totstandkoming van 'n universiteit in die Vrystaat en later as president het hy die poging voortgesit.



*Reitz-eetsaal gestroop van aanbouings en pleister om die mooi historiese gebou bloot te lê.*

Daar is van die begin af beplan om ná die voltooiing van Thakaneng-brug voedselvoorbereiding en -bediening by SK1/Reitz-eetsaal te staak. Die kombuis- en eetsaal-gedeeltes het toe in onbruik geraak. Met die ontruiming van die ou Studentesentrum moes plaasvervangers vir die onthaallokale, die Bloemfontein- en Anglo American-kamers elders op kampus gesoek word. (Daar is besluit om die ou studentesentrum-kompleks as bate-ontwikkelingsprojek bekend te stel en hopelik eersdaags inkomste vir die UV te genereer.) Die idee om die pragtige historiese Reitz-gebouekompleks te omskep in UV-onthaal- en sosialiseringsruimtes het ontstaan. Die UV is verbind daartoe om sy geskiedenis en ook sy ou geboue met respek te hanteer en optimaal aan te wend om die strategiese doelwitte van die UV te bevorder, sê me. Pelzer.

Die kompleks moet die UV se status as gevestigde, gehalte universiteit met 'n interessante geskiedenis kommunikeer aan besoekers. Dit moet dien as 'n tuiste vir alumni en as 'n eenstop-besoekpunt vir belangrike besoekers wat nie tyd het om die hele kampus te ervaar nie.

In die kompleks word voorsiening gemaak vir onthaal- en kombuisfasiliteite, 'n museum waar waardevolle UV-

Eeufeeskompleks... vervolg op p7


**MOOIRIVIER MAKELAARS bk**

**Spesialiseer in groepsversekering**

**Sekuriteit • Die beste prys • Die beste diens**

Kontak ons by (051) 447 6877, faks (051) 447 5758 of stuur e-pos aan mmbloem@mweb.co.za

# Qwaqwa en Vista – waar staan ons nou?

"Vir die eerste keer kan die voorsiening van hoër onderwys in die sentrale streek van die land beter beplan word om meer effektief aan die opleidingsbehoeftes van die streek te voldoen," sê prof. Magda Fourie, Viserektor: Akademiese Beplanning aan die UV. Die inkorporering van die Qwaqwa- en Vistakampusse stel die UV in staat om die opleidingsbehoeftes van sentraal Suid-Afrika selfs beter as in die verlede aan te spreek. Die inkorporerings hou beslis voordele in vir die UV sowel as vir die breër gemeenskap, sê sy.

"Reeds in die beplanningsfase vir die inkorporering van die Vista-kampus het ons besef dat dit sinneloos sou wees om dieselfde akademiese programme wat op hoofkampus aangebied word, op die Vista-kampus te dupliseer. Ons droom is dus om 'n nuwe onderwys- en opleidingsfasiliteit op die Vista-kampus te vestig om die behoeftes van die breë Vrystaatgemeenskap aan te spreek." Die grootste uitdaging vir die Vista-kampus is om vennootskappe te vestig met verskillende rolspelers en om inisiatiewe te implementeer wat finansieel volhoubaar is, sê prof. Fourie. Dit is belangrik om die eksterne omgewing te verken om behoeftes te identifiseer en dan daarby aan te pas. Die UV het in hierdie verband samesprekings gevoer met besluitnemers van die provinsiale en plaaslike regerings en met die Sentrale Universiteit vir Tegnologie. "Ons kyk daarna om onderwys- en opleidingsbehoeftes waarin daar nog leemtes is, aan te vul. Dit sluit in volwasse leer, kort kursusse, heropleiding, opgradering van onderwysers se kwalifikasies en oorbruggingskursusse," sê prof. Fourie.

Die inkorporering van die Qwaqwa-kampus stel die UV in staat om nou ook die Oos-Vrystaat beter te bedien. Prof. Fourie sê dié kampus het 'n belangrike rol om te speel in sy gemeenskap, spesifiek in terme van opleiding, navorsing en samelewingsdiens. Die UV het baie kundigheid om te bied. Daarom is 'n vennootskap met die gemeenskap baie belangrik, veral vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die gebied.

Die UV beplan om deur 'n geleidelike groei in inskrywings teen 2007 die optimale getal studente op die Qwaqwa-kampus te hê. Herkapitalisasiefondse sal gebruik word om fisiese fasiliteite op die Qwaqwa-kampus oor die volgende paar jaar op te gradeer. Hiervoor is reeds R8,2 miljoen opsy gesit. Die doel is om 'n leeromgewing te skep wat bevorderlik is vir die akademiese prestasie van studente.

Alhoewel die inkorporeringsproses 'n bykomende werkslading tot gevolg het vir bestuur, dekane, departementshoofde en ander personeel, word die proses so effektief moontlik bestuur om die beste moontlike bedeling vir die satellietkampusse te skep sonder om die hoofkampus te benadeel, sê prof. Fourie. Die groot uitdaging is om 'n nuwe, inklusiewe institusionele kultuur te skep wat die drie kampusse van die Universiteit van die Vrystaat as een hoër-onderwysinstelling saambind.

# New Horizons for Abey Tau



*Abey Tau.*

Abey Tau visited Germany to attend an international conference under the auspices of AISEC.

Born and bred in the dusty streets of Riverside in Phuthaditjhaba, an avid reader and student activist, Abey is rapidly ascending to greater heights. At present he is studying towards completion of his B.Admin. degree at the UFS Qwaqwa campus and he has also been to Switzerland in the recent past.

Describing the experience, Abey said "being away from home, the influence of culture, tradition, friendship and the local environment opened my eyes to another perspective that I did not know existed." For him it was refreshing to interact with students from across the globe.

When the opportunity to visit Germany presented itself, he approached the office of the Co-ordinator of Student Affairs for assistance. Communication with the Office of the Vice-rector, Dr Ezekiel Moraka led to the realisation of Abey's dream. He is an ambassador for the university and the country at large.

# Ezekiel Moraka attends programme in USA

Dr Ezekiel Moraka, Vice-Rector: Student Affairs at the University of the Free State (UFS), attended the International Links Programme of the South African Universities Vice-chancellors Association (SAUVCA) in the United States of America.

He is one of four South Africans who were invited. Dr Moraka attended a week-long seminar in Denver, Colorado. After that he visited the University of West Florida in Pensacola where he was a guest of the university president.



*Dr Ezekiel Moraka.*

# Lindsay represents UFS in Atlanta

Ms Lindsay Anne Cilliers, an honours student in Media Studies at the UFS, was invited by the Golden Key International Honour Society to participate in an international conference in Atlanta, USA. Lindsay presented a workshop, *Why Community Service is Vital in Third-World Countries.* She also judged the very first Golden Key International Conference global quiz.

Lindsay is a graduate advisor for the Free State branch of the Golden Key International Honour Society – the first position of its kind in South Africa. She has served as the South African representative on the International Conference Volunteer Steering Committee since January 2004. Only the top 15% of students are eligible for this position after completing at least one year of study.

The Golden Key International Honour Society is a non-profit organisation that was established by undergraduate students to provide academic recognition, career development, contacts and scholarships and community service opportunities to outstanding students.

# Classroom and environment important

Dr Mabel Erasmus of the Chief Directorate Community Service of the UFS and Prof. Richard Berrett of the California State University Fresno presented two workshops on academic service learning. The aim of the workshops was to strengthen the link between research and service learning.

Service learning has the power to be one of the most significant experiences in a student's education, said Prof. Berrett in his workshop on *Service learning out of the box: reflection and other active learning techniques for educators*. People who attended the workshop left with teaching techniques that can immediately be integrated into a classroom or other learning environment. The second workshop focused on *Academic service learning: research, results and implications*.

Dr Erasmus said that the service learning component will be incorporated into more learning programmes in the future. The university has a partnership with many institutions in the community that give students the opportunity to practise what they have learned in their respective fields. This enables students to develop problem-solving skills, she said.



*Dr Mabel Erasmus and Prof. Richard Berrett.*

# Giskundiges lewer meeste referate ooit

Ses personeellede van die Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie het die elfde Internasionale Kongres oor Giste en die voorafgaande werkswinkel oor gisbiotegnologie in Rio de Janeiro, Brasilië bygewoon. Prof. James du Preez, prof. Lodewyk Kock, prof. Bennie Viljoen, prof. Stephanus Kilian en dr. Koos Albertyn het almal referate gelewer, waarvan prof. du Preez, prof. Kock en prof. Viljoen genooide sprekers was.

Dr. Carlien Pohl, 'n navorser in die departement, het die groep vergesel. Die Internasionale Kommissie oor Giste het ook tydens die kongres byeengekom en prof. James du Preez het Suid-Afrika daar verteenwoordig. Giskunde, veral die aanwending van giste in biotegnologie, is een van die navorsingsfokusareas van die departement. Dit is die grootste aantal referate vanuit die departement wat nog by so 'n kongres gelewer is.



*Praat op giskongres. Van links is prof. Koos Albertyn, dr. Carlien Pohl, prof. Bennie Viljoen, prof. Stephanus Kilian, prof. James du Preez en prof. Lodewyk Kock.*

# Health care in SA

The book *Health and health care in South Africa*, with Prof. Dingie van Rensburg as editor, was published by Van Schaik. Prof. Van Rensburg is the Director of the Centre for Health Systems Research and Development (CHSR&D) at the UFS.

The book attempts to capture the essence of transformation and trends in the South African health sector. It is targeted at academic staff and students in health and health-related disciplines and at health professionals in all fields, including health officials, nurses, doctors, dentists and supplementary health professionals.

It serves as an authoritative reference on health and health care for the specialist, said Prof. Engela Pretorius, Acting Vice-dean of the Humanities.



*New book launched. From the are, back: Prof. André Pelser, Prof. Dingie van Rensburg, Dr Christo Heunis, Prof. Charles Ngwena and Dr Zacheus Matebesi. Front: Ms Joy Summerton, Prof. Engela Pretorius and Ms Nola Redelinghuys. All except Prof. Ngwena (Department Constitutional Law and Philosophy of Law) are from CHSR&D.*

# IT wys hul Loslit-hoede en -dasse



*Die Departement Rekenaarwetenskap en Informatika het met hulle Loslit-hoede en -dasse gewys dat IT beslis vol pret kan wees.*

# Performance management for academics

The increasingly dynamic higher and further education and training environment in South Africa and worldwide, together with the tremendous challenges facing this sector necessitate well-planned and effective academic performance management initiatives as a matter of urgency, said Dr Louis van der Westhuizen, project coordinator at the Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD).

Dr Van der Westhuizen said that to address the development needs of academic staff the CHESD at the UFS started a research project during 2003. The aim of the project was to develop a model for effective and efficient performance management of academic staff in higher/further education and training in the Free State region. The research project specifically concentrated on staff appraisal and staff development.

The researchers conducted a comprehensive literature and policy review on performance management in education and training. This was followed by a critical analysis of performance management systems at the selected higher-education and training institutions in the Free State region supported by broader national and international comparative perspectives. The perspectives gained from the research results and case studies led to a practical approach to performance management.

Findings from the research project were published in a summary report and manuscript and later evaluated and shared during a workshop attended by national as well as international participants.

The publication *Performance management of academic staff in South African higher education: A developmental research project,* of which Dr Van der Westhuizen is a co-author, will be available by the end op September 2004.

# Eeufees ook met musiek gevier

"Die Eeufees-orkeskonsert was een van die onbetwiste hoogtepunte in die jaar van UV-eeufeesvieringe en sal nog lank in die geheue van die gehoor voortklink," sê prof. Dirk van den Berg van die Kunsgeskiedenis Departement aan die UV.

Hierdie was 'n skittergeleentheid wat verskil het van die gebruiklike simfoniekonsert. Die program het bestaan uit eksamenvoordragte deur drie van die doktorale kandidate in Uitvoerende Kuns van die Musiek Departement. Die pianiste Anneke Lamont en Albie van Schalkwyk en die sopraan Hanli Stapela is in eie reg elk reeds bekende kunstenaars wat nou ook reik na die hoogste akademiese kwalifikasie.

Vanweë die ongewone program kon die gehoor die seldsame voorreg van drie grootste werke in die musiekkanon saam geniet — Beethoven se Vierde, Bartok se Derde Klavierkonsert en Richard Strauss se Vier Laaste Liedere.

Die gehoor was heeltemal meegevoer deur Albie van Schalwyk se meesterlike en oortuigende vertolking van die Bartok-konsert. Prof. Frederick Fourie (UV-rektor) in die tjellogestoeltes van die orkes het sekerlik met genoegdoening teruggedink aan skooljare op Grey waar hy en Albie van Schalkwyk saam die klavier as vak beoefen het, sê prof. van den Berg.



*Prof. Frederick Fourie.*

# 'n Eeu van Afrikaanse skryfkuns



Foto's: NALN

"In die eerste eeu van sy bestaan het die UV, via sy studente en dosente, aansienlik tot die Afrikaanse letterkunde bygedra. Dit strek vanaf die vertellinge van oud-staatspresident C.R. Swart, wat tussen 1910 en 1918 hier gestudeer het, tot by die verwagte debuutdigbundel later vanjaar deur die Bloemfonteinse internis Gilbert Gibson. Trouens, die Afrikaanse skrywersname wat met die UV verbind kan word, is heeltemal te veel om almal te noem," sê prof. Bernard Odendaal van die Departement Afrikaans, Nederlands, Duits en Frans aan die UV.

Vroeë belangrike skrywers uit die Kovsiestal sluit die romanties-idealistiese D.F. Malherbe en die romanties-pessimistiese C.M. van den Heever in. Veral laasgenoemde se plaasroman *Laat vrugte* word steeds gereken as 'n klassieke Afrikaanse werk. 'n Volgende uitstaande figuur is Gerhard J. Beukes, Afrikaansdosent en dramaturg, wie se *As ons twee eers getroud is* in sy eie leeftyd 'n verkoopsyfer van meer as 'n miljoen bereik het.

In die laat vyftigerjare sit 'n hele span later bekende skrywers in die lesinglokale van die UV: Pirow Bekker, Philip de Vos, Karel Schoeman, Jaap Steyn en ook Berna Ackerman, vertel prof. Odendaal.

Dolf van Niekerk se eksistensialistiese novelle in die trant van die sestigervernuwing, *Die son struikel*, sien in 1961 die lig. P.J. Haasbroek en Maretha Maartens skryf kort hierna by die UV in en so ook digteres Lina Spies.

"Die dekade sewentig lewer 'n aansienlike letterkundige oes vir die UV op," sê hy. Digters Antjie Krog en Johann Johl sit soms in dieselfde klasse. Versmaker en latere poëtiese "Bekvegter" op kunstefeeste, Louis Esterhuizen, asook dramaturg Nico Luwes en die prosaskrywers Alexander Strachan en Riana Scheepers volg kort op hulle hakke. Charles Malan, wat later met kortverhale sou debuteer, en die toe gewilde digter Herman Engelbrecht gee vir sommige van hulle klas.

In die 1980's was digters Daniel Hugo en Leon Strydom (laasgenoemde tot in die middel-negentigerjare) weer dosente aan Kovsies, terwyl spanningsromanskrywer Deon Meyer vir die UV se Skakelburo gewerk het. Reza de Wet, later bekend as eksistensiële en polities betrokke dramaturg, voltooi in hierdie tyd haar honneursgraad in Engels.

Wat die afgelope vyftien jaar betref, lyk dit of 'n mens die jeugboekskrywer Jaco Jacobs kan dophou. Hy is tans nog besig met 'n M.A. in Afrikaans en Nederlands aan die UV.

Die feit dat ses oud-Kovsies twaalf keer die gesogte Hertzogprys vir Letterkunde kon verower, verskaf die UV bykomende rede om trots op sy Afrikaanse literêre verlede te wees, sê prof. Odendaal.

# Academic staff put performance under the microscope

The design and implementation of a Performance Management System (PMS) for the UFS, form the first phase of a leadership-driven project entitled "PMP Ke Nako". Introduction of a new job grading system, conversion to a total-package remuneration system, and the establishment of an effective staff development system form part of the project, said Ms Dalene van Niekerk, Assistant Director, Human Resources.

The proposed PMS for the university came under scrutiny from academic staff during the second series of the preparatory orientation sessions held from 17-19 August 2004. These orientation sessions precede the practical implementation within the pilot groups for 2005. The purpose of these sessions is to introduce, explain and discuss key concepts and issues in the PMS/PMP which will lead to clarity, understanding and application thereof in 2005.

Read more in the next Informa about this process.




*Academic staff attending one of the four preparatory orietation sessions.*

# Open learning in Quantity Surveying and Construction Management only at UFS

Profs. Basie Verster and Dries Hauptfleisch, both from the Department of Quantity Surveying, emphasised that students who successfully completed their studies in this field do not struggle to find work. Students are employed by national as well as international companies, said Prof. Verster. They were addressing a group of stakeholders during an introductory session of the department.

Prof. Hauptfleisch said that the construction industry is a major economic sector. In South Africa we formally spend more than R50 000 million rand in this industry each year. Many millionaires are created in this industry, said Prof. Hauptfleisch.

The UFS is the only university in South Africa with a highly successful track record in offering professional and internationally accredited B.Sc. degrees in Quantity Surveying and Construction Management in an open learning format.



*Prof. Basie Verster at the Bloemfontein Waterfront telling stakeholders more about the new development phase.*

Prof. Hauptfleisch defined open learning as an educational approach that acknowledges multiple entry and exit levels as well as a flexible tuition delivery methodology, divorced from demographic constraints. Because of the distance learning approach, students may live and work anywhere – also in other countries. This means that place of residence is not linked to the location of the university, which translates into substantial savings, whilst the very nature of distance learning makes tuition fees extremely competitive. Education is affordable to all, said Prof. Hauptfleisch. The UFS is now also facilitating these open learning programmes from lecturing facilities in Midrand.



# Time out with...



## Selby Moeti and Maria Venter

Most corporate fundies will refer to them as communication equipment operators and others will say they give people the first impression of your institution or company. Occupying this strategic positions at the switchboard of the UFS, are Selby Moeti and Maria Venter.

Selby, who has now worked as a switchboard operator for three years, has been employed by the university for 23 years. He was first employed in 1981 and worked as a messenger at the Bureau for Academic Support, after which he was transferred to conference services. Three years ago he was asked to act as switchboard operator. After only two days on the job, he was transferred to fill the position permanently. "I enjoy my job, but sometimes one does experience difficulties in the course of one's work," Selby said. He referred to callers who swear and make racial remarks.

Maria has now been at the university for eight years. Previously she worked at the National Hospital, but she enjoys the benefits of her work environment at the UFS. With a husband and two daughters it is better to work normal hours.

When asked whether they receive many phone calls, Selby's loud whistle was more than a good indication that they are very busy. Maria said that the system they currently use is more effective than the one of earlier years. Selby and Maria wish to ensure telephone users that they do answer the phone as soon as it rings (if they are not busy helping the previous caller) and they only put a call through as requested by the caller. If the requested person is not available, they ask the caller to phone back later. Although there are misconceptions about the quality of the service they render, Selby expressed a big thank you to all the friendly people he talks to on a daily basis. "They help us to maintain the good reputation of the university."

Did they experience any highlights in their work as switchboard operators? Yes, every time that people say thank you for the "superb" service we render, said Selby. Maria enjoys it when she recognises people's voices.

And where do they see themselves a year from now? Being promoted to chief switchboard operator, said Maria, or being transferred to a more challenging job, working with people, said Selby.

When they are not at work Selby loves playing pool, hanging out with his friends and spending time with his children. Maria spends time with her family and likes to keep herself busy with handcrafts.

Eeufeeskompleks... vanaf p1

memorabilia bewaar en uitgestal word, 'n amfiteater en 'n kunsgalery wat vir die eerste keer 'n permanente tuiste aan die UV se kunsversameling sal bied. Lokale sal groepe van 15 tot 300 mense kan hanteer.

Die onthaal-gedeelte sal benut word deur die UV vir geleenthede soos kanseliersetes, kleiner en groter onthale deur die rektor, teegeleenthede na afloop van gradeplegtighede, openinge van vakkonferensies en langdienstoekennings. Daar word ook beplan om gedeeltes van die kompleks te verhuur vir prestige geleenthede waarby UV-personeel en -alumni betrokke is. Die beleid en prosedures hieroor sal mettertyd bepaal word deur die bestuur, sê me. Pelzer.

Die Eeufeeskompleks gedenk ook die eeuwording van die UV. Die opening van die gebou sal as deel van die Eeufeesvieringe in die week van 11-15 Oktober gevier word, sê me. Pelzer. Baie van dié week se aktiwiteite sal in die kompleks aangebied word.

## Dates to diarise

*Animal, Wildlife and Grassland Sciences Conference*
8 October 2004

*Centenary activities*

| | |
|---|---|
| 8 October | UFS/Macufe Rock Festival |
| 10 October | Three Tenors concert |
| 12 October | Opening of Centenary Complex |
| 13 October | King Moshoeshoe film |
| 14 October | Honory doctorate graduation |
| 15 October | Centenary medal award ceremony |
| 15-17 October | Centenary Reunions |

*South African Anthropology Association Congress*
31 October - 2 November 2004

MATRIX RISIKODEKKING



Beskerm jouself teen die lewe se

# Risiko's

*Kry al die versekering wat jy nodig het.*

Sanlam bied jou die keuse om jou risikodekkingsvoordele volgens jou unieke behoeftes te kies. Jy besluit waarvoor jy dekking wil uitneem, en betaal slegs daarvoor.

Kombineer enige van hierdie voordele in jou risikodekkingsplan:

- Sterfte
- Ongeluk
- Ongeskiktheid
- Gevreesde siekte



**Indien jy sou belangstel om meer uit te vind oor Matrix Risikodekking, skakel my.**

**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

*Ons dink vooruit* Sanlam

Sanlam CI0052MS0585BPA



# Oor musiek, sport en neusringe

Dagsê

Bultjie hoor die Plonke het hulleself herken uit die vorige *Informa* en het ‘n “Revenge Action Meeting” met die kodenaam “LêSaam” beplan om wraak te neem. Die vergadering is blykbaar uitgestel omdat hulle nie ’n kworum bymekaar kon kry nie. Poging “geplonk”!

Intussen het die Doeners-van-Dinge, soos Peter Guy, van die Musicon en die universiteit, so gou-gou R342 000 van die Wesbank/FirstRand Foundation verkry en ‘n bus gekoop, om die 150 kinders wat aan die Mangaung-stryk-program deelneem, te vervoer. En dan het hulle die steun van die Vrystaatse Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Tegnologie. Dis nou saamstaan. Hoor hoe mooi gee Peter eer aan die UV se betrokkenheid: *“Since the involvement of the UFS, the programme has almost tripled in size and one full-time teaching position is now jointly funded by both institutions”.* En dink net hoe lekker speel daardie kinders nou sit- en staanviole! Ek sou ook graag wou, maar ek het maar kleintyd net op die linoleum onder die kombuistafel gespeel. Opvallend die nederigheid van die inisieerder van die projek, Peter Guy. Alle eer aan ander! Nederig soos Jake White, die bokke se afrigter.

Dit was darem mooi nê! Die Bokke en die Swemmers! Ek het nie geweet ‘n motoralarm kan in die garage afgaan as jy hard genoeg voor die TV skree nie. Dit kan! Glo my! Bultjie het laas in standerd vier, derde kwartaal so lekker gekry! Mammie sê dit was ‘n gebalanseerde sportweek. Bloedskenk (rugby) vir die manne, en Swymel (swem) vir die vroue. Ek gim nou weer om aandag te kry. Toe Bultjie se dogter ‘n naeltjiering wou inskiet, toe sê ek: “Bakgat! Dan koop ek vir Desember vir my ‘n Speedo!” Vreemd hoe spontaan Sus van haar ringskietery afgesien het! Is dit net ek wat vir ringe deur neuse, wenkbroue, lippe, tonge, ens. gril?

Ek sien Ryk hou ook nie van tatoëermerke nie. Mooi man! Goed grootgemaak! Wie wil in ‘n romantiese oomblik op ‘n swart Chinese vlermuis met rooi ogies afkom? GRRR! Dus, geluk aan Ryk, sy pa, sy sussie en sy mooi ma wat saam met Bultjie Afrikaans/Nederlands gedraf het by die dierbare prof. Gerhard Beukes. Ek onthou nog hoe hy aan ‘n dromerige Bernard Odendaal – self nou ‘n professor in Afrikaans gesê het: “My dierbare vriend… ek merk dat u besondere talent het vir die digkuns. Maar asseblief, nie in die klas nie.” Nodeloos om te sê dat Ryk se ma voor Bernard gesit het!

Ek hoor dat ons nou weer minder studente moet inneem weens die werklas op die arme dosente en die finansiële druk op die Regering. Intussen werk almal hulself half vrek om dié wat hulle het deur te kry. Sonder om standaarde te verlaag, want die Regering wil eers betaal as die student deur is! Allamagtag, wragtag, pragtag! (Ek spel opsetlik verkeerd, want dit is hoe studente deesdae spel en daarmee wegkom!) Ons moet net vir ou prof. Vicky Mostert nog hier gehad het vir ‘n spontane eliminasieproses. Ek hoor hom nog in ons eerste jaar met die eerste toetsuitslae in sy hand. *“Come here, my boy. Where do you come from?”* Jy antwoord iets soos: “*Jêgersfountain, Oom.”* Jy weet nie of hy wil huil of lag nie. *“My boy, my boy, my poor boy! You’ve used the word ‘nice’ fourteen times in this essay. You’ve got to understand, my boy. Certain talents are reserved for certain people. English is not your talent.”* Dan gee hy jou alle skakerings vale hel en jy kom dalk Engels 2 deur, maar beslis nie Engels 3 nie. En so spaar hy jou die verleentheid om vir jare daarna te gaan Engels gee. Min het ons geweet wat wag vir ons aan die UV! Wees dus maar die huidige studente genadig. Ook hulle het tyd, geduld en ondersteuning nodig om ook eendag die pyp te rook.

*Enjoy a wonderful, superb, magnificent, splendid, super, glorious, brilliant, superlative, outstanding, terrific, remarkable, dazzling, fantastic, fabulous, extraordinary, tremendous, marvellous, out-of-this-world week!* Dankie prof. Vicky!

*Bultjie*

## Aanstellings, aftredes en bevorderings

**Prof. Thys Lotter** van die Departement Geneeskundige Fisika het einde Augustus 2004 afgetree.

**Dr. A.M. Gerber**, Departement Basiese Mediese Wetenskappe, is as een van die twee verteen-woordigers van die Lektoraat in die Senaat van die UV aangewys.

**Dr. C. Walsh** is benoem om op die Ministeriële Komitee vir MIV te dien.

**Prof. J.A. Shipley** is bevorder tot Professor en Hoof van die Departement Ortopediese Chirurgie vanaf 1 Augustus 2004.

**Mnr. J. Deacon** het lid geword van die International Industrial Lawyers Association.

Ere-lektorskap aan **dr. C. Boltman**, werksaam as eerste mediese beampte in die Departement Huisartskunde, is goedgekeur.

**Dr. R.P. Reyneke** is vanaf 1 Januarie 2005 vir ‘n termyn van drie jaar aangestel as departementele voorsitter van die Departement Maatskaplike Werk.

**Dr. J.A. de Beer,** Lektor in die Departement Ekonomie van die Vista-kampus, is vanaf 1 September 2004 tot Senior Lektor in Ekonomie bevorder.

# Community communication discussed

In August the Department of Communication and Information Studies at the UFS hosted a conference on *Critical issues in community communication.* The primary objective of the conference was to discuss critical issues and developing trends in community communication and to strengthen relationships between academics, government officials and corporate practitioners involved in the communication and information industry.




*From the left are Prof. Johann de Wet, Chairman of the Department of Communication and Information Studies, Ms Mercia Coetzee, Programme Director of the same department and conference organiser, Ms Sally Witbooi, lecturer from the University of the Western Cape and main speaker, and Mr Lyndon Johnstone, Executive Director at OFM, who welcomed the delegates.*

# UFS and BTP broaden youths' horizons

A project that promotes Maths and Science among disadvantaged learners has paid off for Thabiso Iganatius Litelu (19), a medical student at the UFS. "This project is a great idea which really has opened new horizons for me and the other learners on the programme," said Thabiso. His intention is to complete his studies and to specialise in Neurology.

The Bloemfontein Technology Project (BTP) is managed by Mrs Ursula Sookdin, a full-time lecturer at the UFS Vista campus, and seeks to address the imbalances in certain career fields. The project was established in 1996 at the then Bloemfontein campus of Vista University in partnership with engineering firms Africon and Murray & Roberts.



*Mr Thabiso Litelu.*

Mrs Sookdin said the project brings learners into contact with industrial and engineering institutions and enhances employment opportunities in these fields. The project provides extra tuition in Mathematics, Science, Biology, English and Computer Science for previously disadvantaged learners from Bloemfontein, Botshabelo and Thaba 'Nchu. The success of the BTP can be seen in the excellent design, preparation and implementation of the project, excellent matric results and an increased number of BTP graduates in Engineering/Science and IT courses.

"What makes us all proud is that the top achiever among disadvantaged learners in the Free State hailed from BTP," said Mrs Sookdin.

# Sekretaresses vier fees op lentedag

'n Paar van die UV-dames het sekeretaressedag behoorlik gevier met 'n ete in die stadsaal wat deur die Cheetah Maatskappy aangebied is. Van links is mevv. Hanlie Viljoen, Marie Olivier, Karen Minnaar en Zita Strydom.





# Klippies in my skoen

## Hoe kry personeel in steundienste bevordering of erkenning?

**Moedeloos skryf:**

Dit kom al ‘n lang pad, hierdie “ding” tussen akademiese en nie-akademiese personeel. ’n Mens hoef net na die amptelike publikasies van die universiteit te kyk om te sien wie die mees prominente en belangrikste posisies op kampus bekleë. Mens lees bykans nooit van nie-akademiese of steundienspersoneel wat bevorder is of vermelding verdien nie, maar die publikasies wemel van bevorderings onder akademiese personeel.

Dit is bykans onmoontlik vir nie-doserende personeel om in lyn vir bevordering te kom. Hoe effektief is die evalueringstelsel vir administratiewe en ander steundienspersoneel? Weet die mense wat moet weet hoeveel personeel oortyd werk en baie meer doen as wat hulle moet as gevolg van oneweredige werksverspreiding en geweldige werksdruk. My vraag is dus – is die maatstaaf waarmee prestasies gemeet word, werklik effektief?

Soos ‘n bekende TV-persoonlikheid altyd sê: Aan die einde van die dag kan dié twee nie sonder mekaar funksioneer nie. Die akademie en studente bly die hartklop van die Universiteit van die Vrystaat, maar sonder die steundienste sal ons ook nie kan roem op ‘n akademiese instelling met wêreldklasgeleenthede nie.

**Mnr. Lourens Geyer, Direkteur Menslike Hulpbronne, antwoord:**

Die Informa se inhoud kan wel die persepsie laat ontstaan dat die akademiese personeel meer prominent figureer as die steundienste-personeel. Vanuit Menslike Hulpbronne word elke personeellid as waardevol en belangrik beskou, ongeag die tipe pos wat hy/sy beklee. Daar word ook onderneem om alle steundienste-personeel se bevorderings en/of prestasies aan Informa te voorsien, sover dit prakties moontlik is.

Sover dit die evalueringstelsel betref, is dit belangrik om daarop te let dat die universiteit besig is om ‘n omvattende prestasiebestuurstelsel (PMP Ke Nako-projek) te ontwikkel. Een van die doelwitte van die projek is om ‘n aanvaarbare evalueringstelsel vir die UV te ontwikkel en te implementeer.

Gesien teen die agtergrond van die instansie vir wie ons werk, is dit tog nodig om te meld dat die prestasies van akademici wyer en groter publisiteit geniet, omrede dit ook as nasionale en selfs internasionale nuuswaardighede beskou kan word. Ter afsluiting moet dit beklemtoon word dat alle UV-personeel as ewe belangrik geag word in die suksesvolle funksionering van die universiteit.

# Kampusgeboue gesels verder…



*Die Landbou-gebou.*


Voor, tydens en na die Tweede Wêreld-oorlog, was daar vir 23 jaar ‘n bou-stilte op die kampus. Die nuwe geboue wat daarna opgerig is, het merkbaar verskil van die ouer geboue op die kampus, sê mnr. Kobus du Preez, Lektor in die Departement Argitektuur. Die Fisika- en Chemie geboue en Huis Kestell, toon vroeë modernistiese kenmerke soos plat dakke, geen versiering – net groot oop skoon vlakke en minder simmetrie, omdat daar ‘n poging aangewend is om die geboue eerder funksioneel as simmetries te ontwerp.

“As ék nou ‘n raaiskoot moet waag, wen hierdie geboue waarskynlik die kategorie ‘Minder geliefde geboue’ op kampus,” sê mnr. Du Preez.

Toe Brasilië in die vyftigerjare ‘n nuwe hoofstad Brasilia van die grond af beplan het, was hulle nie te vinde vir die streng en sedige ou vroeë moderne geboue nie. Hulle het dit gekombineer met helder-kleurige mosaïek en vreemde vorms. Dit het ook na Suid-Afrika oorgewaai en op die kampus is die invloed daarvan sigbaar in die Biologie-gebou en veral die Landbou-gebou.

In die volgende uitgawe gesels ons verder oor die laat modernisme en postmodernisme.

# ...Bottom Line...




## Publikasiebesonderhede

Informa word saamgestel deur die Afdeling: Strategiese Kommunikasie aan die UV.

**Redakteur:** Leonie Bolleurs

**Ontwerp en uitleg:** Chrysalis Advertising & Publishing

**Drukwerk:** Print 24

**Menings wat in Informa gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die Universiteit van die Vrystaat nie.**

**ACCOMMODATION**

**STUDENT ACCOMMODATION (CAPE TOWN)**

**Ideal for large/small groups (sports groups/academic/ holiday accommodation)**
**Five Star budget accommodation**
**Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers**

**Rate:**
**From R75 / sharing**
**(Bed & Breakfast (Continental)**
**Meals available upon request**
**Phone: (021) 447 9056**
**Fax: (021) 447 5192**
**E-mail: info@riverview.co.za**
**www.capebudgetaccommodation.co.za**
**www.riverview.co.za**
**Special group rates / Long staying guests are eligible to our discount**

## Soccer scores at UFS




*History was made at this year's intervarsity with the North West University when the first-team soccer match was played as a main event alongside rugby at Shimla Park, as part of the ongoing transformation of the UFS.*

## Advertensies

**Koop ou horlosies**, werkend of nie werkend, vir kontant. Vir meer inligting skakel mnr. J.C. King by 051 444 5329.

**Gastehuis op Stellenbosch:** Kleine Herberg Gastehuis. Geleë in veilige, rustige Mostertsdrift, naby Coetzenburg-sportgronde en Eersterivier. Bed en ontbyt asook selfsorg. Dubbel R180 p.p. en enkel R240 p.p. Spesiale tarief vir langtermyngaste. Skakel Carien Smith by 021 887 5558 of 082 331 8834 of stuur e-pos na kleineherberg@yahoo.com

**Mazda 626 te koop.** 1991-model, 2L, 12 klep. R23 000. Skakel 084 7760 988.

**Tandem-fiets.** Puik toestand. R950, Tel 083 62546873 en na-ure 051 5224952.

informa.stg@mail.uovs.ac.za

http://www.uovs.ac.za/publications
http://www.uovs.ac.za/publikasies

**Adresplakker**